PROPOSED N21 (R300) CAPE TOWN RING ROAD
Notes from Information Sharing Meeting: Affected Farmers

DATE: Wednesday, 20 August 2003
VENUE: Bon Mella Dairy
TIME: 10h30
FACILITATOR: Desireé du Preez, CEJV

1. ATTENDANCE

PRESENT	ORGANISATION
A F M Louw (Boetie)	Phisantekraal
A A Louw (Andries)	Sondagsfontein
A Louw (André)	Sondagsfontein
J Coetzee (Jan)	Bon Mella
C J Naude (Bokkie)	Vrymansfontein
Shakti Malan	Social specialist
T van Schalkwyk	Penway EJV
Desireé du Preez	Chand Ecosense JV

2. INTRODUCTION

T van Schalkwyk lê planne van die nuutste padbelynings noord van Durbanville voor vir bespreking. Die planne wys die alternatiewe belynings onmiddelik noord van Durbanville, waar probleme bestaan om deurgang te vind tussen Vrymansfontein, Adderley Weg en die koppie oos van Vrymansfontein, en om terselfdertyd die Eskom kraglyne te akkommodeer. 'n Belyning deur Phisantekraal en Lochlynne, deur die vallei oos van die koppie word voorgestel. Die moontlike roetes word as volg beskryf:

Blou roete: oorspronklike voorstel
Geel roete (A1): nuwe belyning soos voorgestel deur boere
Groen roete (B): belyning deur vallei.
B1: Phisantekraal wingerdblok.
B2: belyning oos van B1 deur Phisantekraal witwyn wingerd.

Die beyning is deur almal teenwoordig bespreek:

COMMENTATOR	COMMENT	RESPONDENT	RESPONSE
T van Schalkwyk	Die A1 belyning verby Vrymansfontein sal steeds Vrymansfontein nadelig beïnvloed, weens die brugstruktuur wat benodig sal wees.		

	Daarom word 'n alternatiewe roete, B, voorgestel. Route B word verder onderverdeel in B1 en B2.		
A F M Louw	B2 gaan deur kampioen chardonnay en sauvignon blanc druiwe wat baie werd is en 'n pad daardeur is nie onderhandelbaar nie. 'n Alternatief om A1 teen die koppie op te skuif moet ondersoek word.	T van Schalkwyk	Die probleem daar is die Eskom kraglyn. A1 en B vermy die kraglyn. Indien A1 geskuif word, sal die kragpale geskuif moet word – 6 pale teen R 2 miljoen per paal. Sal B1 aanvaarbaar wees?
A F M Louw	A1 loop mooi teen die kant van die wingerd verby. Daar is nie probleme daarmee nie. B1 sny 60 ha wingerd in die middel deur, wat onaanvaarbaar is.		
J Coetzee	A1 loop teen Bon Mella se hek verby, wat problematies is. Dit sal beter wees as hy verder weg is.		
A F M Louw	Hoekom kan die pad nie tussen A1 en die koppie se kruin deurgaan nie?	T van Schalkwyk	Dit sal 'n baie groot uitgrawing verg om die pad van die koppie af onder die drade deur te kry.
A F M Louw	Die Eskom kraglyn kos R2 milj. per paal om te skuif, maar die alternatiewe sal miljoene rande se skade aan plase veroorsaak. Ek sal miljoene eis vir my wingerd. Wat sal dit vir Bon Mella kos om alles te skuif?		
C J Naude	Dit sal miljoene kos. Hierdie is bestaande besighede wat benadeel sal word.		
A Louw	Met A1 word die pad se	T van	Die belyning op die plan

	klank weg gekaats van ons plaashuise af. Die B roete sal nie dieselfde doen nie. Die pad moet so gemaak word dat klank weggekaats word van die huise af. Ons is tevrede met A1 of 'n alternatief teen die koppie.	Schalkwyk	is soos dit tans kan werk. Roete B is ongeveer 200 m van die huise af dit kan verder geskuif word tot sowat 300 m.
A Louw	Dit sal beter wees.		
C J Naude	Ongeag hoe die pad A1 loop, hy kom voor Bon Mella se voordeur verby.		
A Louw	Wat as B1 meer reguit gemaak word dat dit tussen die wingerde deur kom?	T van Schalkwyk	Ons is vas waar die pad uit die dorp uit kom. Ons sal moet kyk hoe die draai daar is of 'n reguit lyn sal werk.
C J Naude	Pad A1 sal 'n probleem wees vir ons. Dit gaan deur die misdam en daar sal historiese huise en arbeidershuise in die slag bly. Dit is nie aanvaarbaar dat 'n snelweg 'n plaas so benadeel nie, nieteenstaande wie se plaas dit is nie.		
A F M Louw	Wat as pad A1 100 m (in plaas van die huidige 50 m) ver van Adderley weg af is en Vrymansfontein meer mis? Dan neem dit meer wingerd weg, maar dit sal almal help.	T van Schalkwyk	Die voorgestelde lyn kan nie werk nie. Die helling tussen die laagtepunt by die kraglyn en die hoogtepunt by die heuwel is ontoelaatbaar steil. Die B roete is minder steil, en is reeds steiler as die toegelate 4%. Dit is egter aanvaar, weens die probleme in die gebied.
A F M Louw	Ek verkies steeds die	C J Naude &	Die pad gaan deur

	A1, al is hy 50 m verder in my wingerd in om Bokkie te mis. As hy so is, sal hy die beeskampe vang?	BM	beeskrale en boorgate. Daar moet ook ‘n dam kom vir miswater. Miswater mag nie meer in die riviere in gaan nie.
A Louw	A1 is beter as die B belyning vir ons. Dan mis hy ons ingang.		
A F M Louw	Lochlynne se baas is nie hier nie, maar van hulle wingerd gaan ook in die slag bly met die B roete.	T van Schalkwyk	Hulle was genooi maar kon dit nie maak nie. Dit is jammer hy is nie hier nie.
T van Schalkwyk	‘n Reguit belyning tussen B1 en B2 is moontlik, maar die dam is in die pad om die draai te voltooi.	A F M Louw	Aan die dam moet niemand raak nie. As ‘n reguit lyn ‘n stukkie aan die kant van die wingerd wegneem waardeur die blou lyn reeds gaan, is dit in orde. Die sauvignon blanc en chardonnay druiwe moet net vermy word. Dit is te kosbaar. Die pad moet net nie die wingerd so sny dat daar klein stukkies is waarmee niks gedoen kan word nie. Daar moet draaipaaie wees langs elke wingerd.
J Coetzee	Sal daar ‘n omgewings-ondersoek wees na al die belynings voordat veranderings gedoen word?	T van Schalkwyk	Daar word na ‘n breë strook gekyk.
		D du Preez	Die nuwe belyning behoort ondersoek te word voordat die B roetes ondersoek word.
J Coetzee	Sal daar nog ‘n vergadering wees?	T van Schalkwyk	Ja – ons sal met Brundyn gesels, dan sal een lyn voorgestel word.
A F M Louw	Waar kan ‘n mens op die pad kom? Hoe kom ek onderdeur	T van Schalkwyk	By Wellingtonweg of die N7. Wanneer die belynings

	die pad? Die uitloopwater van die dam en deurgange vir die plaas geakkommodeer word.		afgehandel is, sal daar met elke boer ooreengekom word oor deurgange vir die plaas.

3. CONCLUSION

D du Preez het die vergardering afgesluit.